

vorming gepraat. Daar is egter nog die psigologiese sy van die saak, die funksionele betekenis van spraakklanke. Reeds is spraakklanke genoem die stene en klei waaruit die kleinste betekenisdraende eenhede, die woorde, saamgestel is. 'n Spraakklank het dus ook 'n betekenisvormende funksie, en hierby kan dit gebeur dat twee of meer artikulatories-verskillende spraakklanke deur die sprekers van die taal as 'n psigologiese eenheid opgevat word, of, soos die linguïs Benni dit uitdruk, kan twee of meer fisiofone as een psigofon beskou word. Sulke psigofone word ook *foneme* genoem, om hulle te onderskei van die spraakklanke of *fone* wat die betekenisvormende funksie van klanke buite beskouing laat.

Foneme wat uit twee spraakklanke bestaan, word gevind by die tweeklanke of diftonge soos in *maai*, *nooi*, *huis*, of by die affrikate soos in *tjap* en *tjoekie* (eerste twee klanke), en word as funksionele eenhede deur die sprekers van die taal beskou. Hierdie psigologiese eenheidsgevoel het natuurlik op so 'n spraakklanksamestelling invloed uitgeoefen, met die gevolg dat daar ook artikulatories 'n nouer verband tussen die lede van so 'n samestelling bestaan as tussen twee afsonderlike spraakklanke. In die fonologie word hierdie eenheids-waardering van twee spraakklanke die monofonematiese waardering van spraakklank-samestellings genoem.

VOKALE OF KLINKERS.

30. Indeling.

Alhoewel ons hierbo gesê het dat vokale ontstaan deurdat die resonansruimtes van die aansetstuk sekere deeltone van die stemtrillings uitsoek en versterk en daardeur die saamgestelde klankbeeld laat ontstaan, is dit prakties verkieslik om ook hier volgens artikulasie-bewegings in te deel. Volgens röntgenopnames is vasgestel dat die profiele van die tong, van die sy van die kop geneem, verander met die verskillende vokale. Dis ook bewys dat, vir die Amerikaanse vokale altans, die profiele taamlik konstant is vir verskillende sprekers. Die tong beweeg dan hoofsaaklik in die rigtinge: hoog-laag en voor-agter.

by benadering, in vergelyking met die uiterste stande ingevul is. Let daarop dat die kringe vir die vokale taamlik groot getrek is, wat aandui dat variasie tussen die perke moontlik is.

Volgens hierdie kaart word die vokale beskrywe volgens:

(a) Die hoogste tonggedeelte: (voor, middel, of agter).

Let daarop dat voorvokale gewoonlik gestrekte en agter-vokale geronde lippe het. Daar is egter ook agter-vokale met gestrekte lippe (of neutrale lippe) en voor-vokale met geronde lippe: hulle word sekondêr-kardinale vokale genoem, teenoor die eerstes, die primêr-kardinale vokale. Lippestande kan ook onder-gerond, gestulp, neutraal e.d.m. wees.

(b) Stand van tong en onderste-kakebeen met betrekking tot die verhemelte: (hoog-geslote, tot laag-oop);

(c) gespannenheid van die artikulasie-organe. Ons onderskei tussen gespanne, ondergespanne en ongespanne vokale.

Bykomende faktore by vokaal- of klinker-vorming is die stand van die keelholte, sagte-verhemelte, strotklep (Russell), dikte en gespannenheid van die stemlippe (Eijkman), opening van die stemspleet (Natier), stand van die tongrand, e.d.m., wat wel die kleur van die klinkers moet beïnvloed, maar tog g'n plek op die kaart het nie. Om die praktiese bruikbaarheid is hierdie kaart egter van besondere waarde.

31 Tweeklanke.

Op die kaart is ook die tweeklanke of diftonge aangegee, volgens die vokaal waar elk begin en die beweging in die rigting van 'n ander vokaal. Ons het hier die volgende:

eeu: van *ie* van *mier* tot *oe* van *boer* of van *ee* van *meer* tot *oo* van *roos*, soos in *leeu*, *spreeu*.

ei of *y*: vanaf 'n klinker tussen *i* van *wit* en *ee* van *meer*, na *ie* van *mier*, soos in *rys* en *reis*, ook in *windjie*.

geen onderskeidende skryfwyse nie: vanaf *e* van *bed* na *ie* van *mier*, soos in *petjie*, *gebedjie*.

ai (kort) en aai (lank): vanaf *a* van *dag* na *ie* van *mier*,
soos in *baie*, *baaie*¹⁾; ook in *badjie* en *baadjie*.

ôi: vanaf *ô* van *môre* na *ie* van *mier*, soos in *nôï*, *toiings*,
geen onderskeidende skryfwyse nie: van *o* van *nog* na
ie van *mier*, soos in *potjie*, *bodjie*.

ou: vanaf 'n klinker tussen *o* van *nog* en *oo* van *roos* na
oe van *boer*, soos in *oud*, *koud*.

ooi: vanaf *oo* van *roos* na *ie* van *mier*, soos in *mooi*. *ooit*;
ook in *bootjie*, *pootjie*.

oei: vanaf *oe* van *boer* na *ie* van *mier*, soos in *koei*, *stoei*;
ook in *voetjie*, *goedjies*.

ui: vanaf *u* van *rug* na *uu* van *muur*, soos in *huis*, *tuin*;
ook in *putjie*, *hutjie*.

32 Aanmerkings by die Uitspraak van die Klinkers of Vokale.

(a) *ie* in *mier* of *lied*. Engelse sprekers is geneig om die *ie* voor *r* uit te spreek soos die vokaal in Engels *here*, waar *r* nie gehoor word nie, maar 'n tweeklank is, vanaf Engels *i* in *sit* na *ə* van *the*. Waar die *ie* kort is, is die algemene neiging om die vokaal byna ongespanne en laer uit te spreek, soos in Engels *sit*, *hit*. Korreksie deur te vergelyk met Engels *sea* of *meet*, maar in Engels is die klinker wat met die Afrikaanse een ooreenkom, alleen lank.

(b) *ee* in *meer*, *weet*, 'n lang vokaal. Nieteenstaande die feit dat hulle so naby mekaar gevorm word, is hierdie twee vokale akoesties heeltemal verskillend en moet duidelik in die uitspraak onderskei word. Behalwe die feit dat die tongstand laer is, is ook die toonhoogte vir die *ee* laer as dié van die *ie*, 'n belangrike onderskeidingsfaktor tussen die twee klinkers. Engelse leerlinge vind dit moeilik om tussen *mier* en *meer* in die uitspraak te onderskei, omrede hulle nie van die toonhoogte-verskil bewus is nie. Deurgaans spreek hulle die *ee* uit soos die tweeklank in Engels *here*.

Hierdie uitspraak kom ooreen met die „Erekinge”-uitspraak van *wieæt*, *mieær* vir *weet* en *meer* wat ons in die Noorde (Transvaals) hoor, en dit skyn dat hoe laer die volksklasse hoe duideliker hierdie neutrale *ə*-klinker (soos *i* van *wit*), wat ontwikkel.

1) Die *ac* in *baaie* is natuurlik lank, maar word meer na vore gevorm as *aa* in *maar*.

In die Westelike Provinsie word behalwe voor *r* die uitspraak *ie* vir *ee* gehoor, dus *wiet* en *bien* vir *weet* en *been*.

Tot tyd en wyl die uitspraak van die Transvalers of die „Bolanders” geseëvier het, hou ons ons, wat die standaard-uitspraak betref, by die suiwer vokaal *ee*.

Die uitsprake wat gewestelik gehoor word soos *seuwe*, *speul*, *gemeinte*, *meining* i.p.v. *sewe*, *speel*, *gemeente* en *mening*, geld ook nie as standaard-uitspraak nie, hoewel baie interessant vanweë die voortbestaan daarvan. Die woordjie *vleis* wat in sy letterlike betekenis algemeen met die tweeklank van *rys* uitgespreek word, val nie onder hierdie hoof nie: figuurlik, soos „’n doring in die vlees,” word „vlees” wel gebruik.

(c) Beide die *e* van *bed* en die *ê* van *sê* behoort *g’n* moeilikheid op te lewer wat die uitspraak betref nie. Let daarop dat die *ê* nie alleenlik dan lank uitgespreek word as dit ’n kappie daarop het nie: in woorde soos *werd*, *perd*, *werk*, *ver* (gewoonlik waar *r* voor ’n konsonant staan), is die vokaal lank. Let op die verskil in betekenis tussen die kort en lang uitspraak van *vers* (gedig), *vêrs* (bees); *kersie* (vrug) en *kêrsie* (ligverskaffer); *pers* (druk), *pêrs* (kleur); *sterre* (hemelliggame), *sterre* (*stêre*?) (sitvlakke, gemeensaam).

Gewaak moet word teen ’n te oop uitspraak van *e* in *net*, lekker e.d.m., wat herinner aan die Engelse klinker in Eng. *man*: dis nie standaard-uitspraak nie.

Ook sal die wisseling van *e* en *ə* (soos in *wit*) partykeer moeilikheid oplewer. Ons is dit eens dat *swem*, *tent*, *skenk* (gee), *wen* die gebruikelike uitspraakvroms is, hoewel *swim*, *tint*, *skink* en *win* gehoor word. Laasgenoemde sou ek as ’n wisselvorm gee van die eerste, terwyl *skink* ’n ander betekenis het. Maar wat van *ken* — *kin* (gesigsdeel), *krokodil* en *krokkedel*, *engels* en *ingels*? Hier sal ons albei vorms moet toelaat waar geen van beide as „plat” gevoel word nie. Hoewel die plat-gebruik bloot as relatief te beskou is, sou ons tog nie uitsprake soos *swim*, *tint*, *gimmer*, *mennaar*, *endrengerag*, *geseg* (gesig), *kend* as standaard-uitspraak beskou nie. Interessant is die feit dat die wisseling al in Middelnederlands voorkom.

(d) Die *a* van *dag* lewer moeilikhede vir die Engelse sprekers op. Hulle gebruik daarvoor 'n agtervokaal, hoër wat die tongstand betref, maar ook baie ondergespanne, naamlik die vokaal in Eng. *but*. Korreksie deur te wys op die eerste vokaal in die tweeklank van Engels *bough* of *cow*.

Dan kom jy persone teen wat die agter-vokaal van Nederlands *dag* gebruik vir die middelvokaal van Afrikaans. Dis goed vir hulle om te weet dat die Nederlandse klinker niks vernamer klink as die Afrikaanse nie.

(e) Die *aa* van *daar*, uitgespreek soos die Engelse *a* in *father* is 'n agter-oopvokaal, en is nie te vervang deur die Nederlandse *aa* in Ned. *daar* nie, wat 'n voorvokaal is. Waar Afrikaners die Nederlandse vokaal gebruik is dit stellig omrede die vernaamheidsbeginsel, wat in (d) genoem is.

(f) Die lang *ô* soos in *môre* lewer ook g'n moeilikheid op nie, aangesien daar 'n soortgelyke vokaal in Engels is (vgl. *law*) en g'n wisselvorms (uitg. *more* vir *môre*) in Afrik. bestaan nie. Let op dat die klanke nie noodwendig *ô* geskrywe behoort te word nie: vgl. *snor* (lank baard) *snor* (kort = geraas), *bord* (lank = eetgereedskap; kort = siekte); *pond* (lank = geld of gewig), *pont* (kort = vervoermiddel); *volk* (lank = naturel; kort = nasie); *grond* (lank = aarde, plaas; kort = figuurlike gebruik).

(g) Kort *o* soos in *nog* lewer vir die Engelssprekende moeilikheid op en hy verwar dit òf met sy vokaal in Eng. *but*, òf met sy vokaal in Eng. *not* wat 'n oop vokaal is, en ver na agter uitgespreek word. Korreksie geskied deur die lippe vir *u* van *but* te rond en tong effens in mond te lig.

(h) Die *oo* van *roos* is in alle opsigte 'n parallele geval met *ee* van *meer*. Gewoonlik, en waar dit die klem dra, is die vokaal lank. Hoewel naby *oe* van *boer* geleë, is die akoestiese verskil baie duidelik deur 'n laer toonhoogte.

Transvalers (en Vrystaters) het die neiging om die vokaal as 'n „Brechungs'-tweeklank” *oeə* of *ooə* uit te spreek: dus *roeəs* en *boeəm* vir *roos* en *boom*.

Engelssprekendes gebruik weer hiervoor die tweeklank in Eng. *poor*, dus feitlik die Transvaalse vorm. Korreksie geskied deur die toonhoogte van die *oo* van Eng.

food te verlaag en die agter van die tong effens te laat sak; dus ongeveer die vokaal van die Skotse uitspraak van *cold*.

In die Westelike Provinsie, uitgesonderd voor *r*, word die klank uitgespreek soos die *oe* van *boet*. Dus word g'n verskil eintlik gemaak tussen *boet* en *boot*, *groet* en *groot* nie, behalwe dat die een vokaal langer as die ander is.

Wanneer hierdie vokaal nie beklem is nie, hoor ons uitsprake soos *soesatie* vir *sosatie* (ook *səsatie*), *proeheet* vir *profeet* (ook *proffheet*), *prottesteer* vir *protesteer*, *prottestant* vir *protestant*, *rəsyntjie* vir *rosyntjie*, uitsprake wat so ingeburger is dat ons hulle gerus as wisselende uitsprake kan aanneem. Vergelyk die binnelandse *ok* vir *ook*.

Die Nederlandse vokaal *oo* het net soos die Nederlandse *ee* 'n neiging om 'n nou tweeklank te word. Beide die Nederlandse *oo* en *ee* is laer as die Afrikaanse klanke wat tongstand betref, maar beweeg respektiewelik na *oe* en *ie* toe, al is die beweging ook baie gering.

(i) Die Afrikaanse klank in *boer* kom goed ooreen met die Engelse klank in Eng. *food*, maar word gladnie so gespanne, so hoog en met sulke gestulpte lippe soos die Nederlandse vokaal in *boer* uitgespreek nie. Die neiging tot oordrywing moet hier, sowel as by *oo* teëgegaan word. Voor *r* is die *oe* gewoonlik lank (uitges. *oerangoetang*, *voering*, ens.), anders gewoonlik kort (uitges. *ploeë*, *koeël*, ens.) Hierdie kort *oe* word deur Engelssprekendes verwar met die Engelse klank in Eng. *put* wat 'n baie meer ondergespanne klinker is.

(j) In *wit* of *gemiddelde* is al die klinkers eners, 'n neutrale klinker, met neutrale lippe sowel as tongstand. Ook hier het ek die neiging gehoor, miskien onder invloed van die skryfwyse, miskien onder invloed van 'n Nederlandse (vgl. Ned. *wit*), of selfs 'n Engelse (vgl. Eng. *wit*) uitspraak, om die vokaal meer na vore uit te spreek, en veral om 'n verskil te maak tussen die eerste en die tweede vokale in woorde soos *hitte*, 'n gebruik wat vreemd aan Afrikaans is.

Hierdie neutrale vokaal neem die plek in van heelwat ander vokale en selfs tweeklanke wat in onbeklemde stand te staan kom, en moet sprekers dus nie 'n hiperkorrekte

uitspraak in die geval van *rosyntjies*, *patrys*, *stoffasie*, *figuur*, (spreek uit *rəsyntjies*, *pətrɪs*, *stəffasie*, *fəguur*, e.d.m. gebruik nie.

Nogal dikwels word gehoor, maar dis nie as standaard te beskou nie, die uitspraak voor die velêre klanke van die ə as a, soos in *dag*: vgl. *regtag*, *magtag*, *taggentag*, *kettang* i.p.v. *regtig*, *magtig*, *taggentig*, *ketting*.

Beslis as plat en gewestelik is te beskou uitsprake soos *geester*, *seet*, *geef*, *neeks*, *keend*, (eintlik *sjeester*, *seet*, *sjeef*, *neeks* en *tjeent*) vir *gister*, *sit*, *gif*, *niks* en *kind*.

Sterk onder invloed van kleurling-Afrikaans is uitsprake soos *ravier*, *abel*, *das* en *dat* met a (dag) i.p.v. ə.

In die wisseling tussen e (*tent*) en ə (*tint*) is reeds hierbo melding gemaak.

(k) By die *uu* van *muur* of *nuwe* moet teen twee uitsprake gewaak word: *eerstens* die oormatige lip-ronding en -stulping, i.p.v. die matige ronding en *tweedens* die ontronding van die lippe wat bogemelde woorde soos *mier* en *niewe* laat klink. Eersgenoemde uitspraak is veral aan hiperkorrektheid toe te skrywe, en die tweede word veral (maar nie uitsluitlik) by Engelssprekendes aangetref. Laasgenoemdes, wanneer hulle nog nie die vokaal kan vorm nie, gebruik die oo van Eng. *food*, voorafgegaan deur die eerste klanke in *yes*, (dus *nyoos* vir *nuus*), vir die *uu*. Korreksie geskied deur lippe matig te rond as *ie* uitgespreek word.

(l) Ontronding is ook af te keur by die uitspraak van beide *eu* (soos in *neus*, *skeur*) en *u* (*brug*, *rug*) wat daarmee uitgespreek sal word: *nees*, *skeer*, *brig* en *rig*. Oorronding ten gevolge van hiperkorrektheid word ook by hierdie klanke gehoor.

In die woorde waar die brekings-uitspraak van beide *ee* en *oo* gehoor word, word ook die *eu* uitgespreek *uuə* of *eʊə*: dus *nuuəs* i.p.v. *neus*, *duuər* i.p.v. *deur*.

Engelssprekendes wat geneig is om die tweeklank in Engels *poor* te gebruik voorafgegaan deur die eerste klank in *yes*, dus ongeveer *dyoor* vir *deur*, vind dit moeilik om te onderskei tussen *duur* en *deur*, selfs wanneer hulle tot 'n sekere mate die vokale kan vorm, omrede hulle nie die *eu* met 'n effens laer toonhoogte uitspreek as *uu* nie. Let

wel *uu* is *ie* met geronde lippe en *eu* is *ee* met geronde lippe, terwyl *u* (*rug*) feitlik ə is met geronde lippe.

(m) Al tweeklanke of diftonge wat moontlik moeilikhede kan oplewer, is *ooi* (*mooi*) en *ui* vir (*huis*). Eersgenoemde word op sy Engels net so uitgespreek as òf *oei* (*koei*), òf *ôi* (*noi*): sodra die *oo*-vokaal geen moeilikhede meer oplewer nie, sal hierdie tweeklank ook maklik uit te spreek wees. Wat *ui* betref moet die verkeerde uitsprake van beide *u* (*brug*) en *uu* (*muur*) eers regkom alvorens *ui* gekorrigeer kan word. Vir hierdie tweeklank word òf die hiperkorrekte, oorgeronde *ui* gehoor, òf 'n ontronde *y* (*rys* vir *ruis*), wat albei af te keure is.

33. Nasalisering.

Ten opsigte van vokale moet eindelik nog die wydverbreide Afrikaanse neiging verduidelik word om klinkers wanneer hulle in bepaalde klankomgewings te staan kom, te *nasaliseer*. Hiermee word bedoel dat by die uitspraak van die vokaal ekstra resonatore in werking gestel word deur die sagte verhemelte te laat hang sodat die gang na die neusholtes oop is, die gang na die mond belemmer en dan, volgens Eijkman, deur ook 'n verandering aan die keelholte aan te bring, wat 'n verbreking van die regte orde tussen mond- en neustoegang laat ontstaan. 'n Mens hoor partykeer die opmerking: „hy



NASALISERING VERGELYK
MET NASALERING (.....).

praat deur sy neus!" Hierdie neusagtigheid is die bykleur wat die vokaal kry.

Nou is eksperimenteel vasgestel dat as 'n mens in Afrikaans, Engels en Zoeloe sulke klankverbindings uitspreek waar 'n klinker langs 'n nasale spraakklank (soos *m*, *n*) te staan kom, die sagte verhemelte dan nie die gang na die neus gedurende die uitspraak van die hele of dan 'n gedeelte van die vokaal afsluit nie. Akoesties ondervind ons dit egter nie as *nasalisering* nie en noem ons dit liever *nasalering*. Dis die gevolg van wat in die fonetiek ko-artikulasie genoem word, die invloed van die bewegings van een klank op 'n ander. *Nasalisering* het egter sy karakteristieke neusagtigheid wat met genoemde anderse resonans-ruimtes of resonatoriese versterking van deeltone te doene het.

Die oorsaak vir hierdie *nasalisering* is miskien te soek in historiese erfgoed, in artikulasiebasis, in leengoed en in ko-artikulasie.

(a) Wanneer in Afrikaans 'n vokaal deur 'n nasale konsonant (soos *m*, *n*, *ng*) plus 'n wrywingsklank gevolg word, val die nasaal gewoonlik weg, word die vokaal *en* verleng *en* genasaliseer. Voorbeelde soos *mens*, *gans*, *dons*, *prins*, *guns*, wat sonder nasaal en met genasaliseerde vokaal uitgespreek word, kan genoem word. Ook voor ander wrywingsklanke vind ons die genasaliseerde vokaal: vgl. *lanfer*, *ongeluk*, *onwrikbaar*, e.d.m. Dit kan gebeur dat by party sprekers die nasaal gehoor word, maar daarby is die *nasalisering* ook aanwesig. 'n Mens kom nog diégene teen wat meen dat die uitspraak met die suiwer mond- en kort-vokaal plus 'n duidelik geartikuleerde nasaal die enigste korrekte uitspraak is. Hulle baseer hulle uitspraak natuurlik op die skrif en dink nie daaraan dat die Afrikaanse spreektaal sedert plusminus 1725 bestaan, terwyl ons skryftaal 'n jong bloedjie is wat volgens 'n Nederlandse patroon en nie in die eerste instansie volgens suiwer fonetiese beginsels opgestel is nie. Korrekte uitspraak moet dus wel deeglik met ons genasaliseerde vokale rekening hou.

(b) 'n Genasaliseerde vokaal word ook gehoor in woorde soos *onaangenaam*, *onervare*, waar die vokaal +

nasaal voor 'n vokaal met harde begin of aanset te staan kom, met natuurlik die verdwyning van die nasaal. Dis egter nie so algemeen soos die geval onder (a) nie.

Vokale wat naby die geslote stand gevorm word, toon nie algemeen die neiging om genasaliseer te word nie, soos byv. *diens*, *Woensdag*, *weens*. Kultuurwoorde of leenwoorde van jonger datum, word gewoonlik sonder nasalisering uitgespreek, dog dis opmerklik dat na gelang 'n woord in die algemene gebruik ingeburger raak, dit al meer die neiging vertoon om met nasalisering uitgespreek te word. Woorde soos *beginsels*, *sinspeel*, *onsamehangend*, *aanvanklik* sal gewoonlik sonder nasalisering uitgespreek word. By *maanskyn*, *seuns*, *mans*, e.d.m. sal die woorde *maan*, *seun* en *man* behoudend ingewerk het, maar ook hier is dit moontlik dat nasalisering gebruik word.

Ons wil in hierdie verband nie dogmaties optree, maar net waarsku teen 'n onafrikaanse hiperkorrektheid. Waar werklik twyfel bestaan, moet so 'n woord tot die minder-bekendes gereken word en dus sonder nasalisering uitgespreek word.

34. Die Uitspraak van die Lidwoordjie 'n.

Van hierdie onskuldiglykende woordjie hoor ons die volgende uitsprake: *n*; *in*; *in*, *im*, of *ing* (in tand, im boek, ing kerk); ə soos Engels *a* in *a book*; *hə*; ə (genasaliseerd). Sonder om dogmaties te wees, kan ons, op grond van die algemene gebruik daarvan, aanbeveel dat een van die volgende uitsprake gebesig word:

(a) ə, (baie algemeen).

(b) ɪ̃, genasaliseerd, (veral in die suide).

(c) *in*, *im*, *ing*, afhangend van die volgende konsonant: *in* voor *d*, *t*; *im* voor *b*, *p*; *ing* voor *k*, *gh*.

KONSONANTE.

35. Kaart.

Met behulp van die kaart, die indelings van die mondorgane en die beskrywing van die verskillende soorte akoestiese resultaat van verbreking en die verskillende verbrekingrigtings, asook met die wete dat die spraakklank met of sonder stem uitgespreek word, sal dit nie moeilik val om die korrekte uitspraak van die Afrikaanse konsonante baas te raak nie.

→ ASEMSTROOM	AKOESTIESE RESULTAAT VAN DIE VERBREKING	VERBREKINGS → RICHTING	MET OF SONDER STEM	BI-LABIAAL OF LIP+LIP.	LABIO-DENTAAL OF LIP + TAND.	ALVEOLAR OF TONGBLAD + TANDEBOOG.	PRE-PALATAAL OF TONG-VOOR + VOOR HARDE VERHEM.	PALATAAL OF TONG-VOOR+HAR- DE VERHEMELTE.	VELER OF TONG- AGTER + MIDDEL SAGTE VERHEM.	UVULER OF KLEINTONGGETJIE + AGTERTONG.	GLOTTAAL OF STEMSPLEET.
AFSLUITING	PLOFFERS OF PLOSIEWE	MIDDEL MOND	MET SONDER	ba pa		dol tol	tjap	bietjie	ghoen kan		
		SY-MOND	MET SONDER			duidelik eintlik					
VERNOUNING	TRILLERS OF VIBRANTE	MIDDEL MOND	MET								
			MET			roer				[brei-r]	
	WRYWINGSKLAN- KE OF FRIKATIEWE	MIDDEL MOND	MET	[twee]	wal	[zits:]	[genve]	jy			hand
			SONDER		val	sal	sjeft	gee	gaan		
	WRYWINGLOSE KONTINUANTE	SY-MOND	MET			lam					
	KONSONANT VOKALE	NEUS	MET	ma	[nimf]	nou		mandjie	sing		
		MIDDEL 'MOND	MET					viaool			

'n Paar aanmerkings moet by elke konsonant gemaak word om te waarsku teen letter-, gewestelike of anglisistiese uitsprake.

AFSLUITINGSKLANKE.

36. Ploffers.

Hulle word in die algemeen met min spierspanning en gevolglik 'n geringe subglottale asemdruk of omgekeerd uitgespreek. Voorheen is reeds van die feit melding gemaak dat die stemlose ploffers *p, t, k* in Afrikaans sonder die aspirasie, soos in Engels en Nederlands wel aangetref word, uitgespreek word. Ook het ons gesê dat die stemhebbende spraakklanke *b, d, gh* (ghoen), nooit aan die slot van 'n woord uitgespreek word nie: dus *rip* en *hant* i.p.v. *rib* en *hand*. Veral moet dus by Engelse persone wat Afrikaans voordra, gewaak word teen die letteruitspraak van *b* en *d*, waar dit finaal in 'n woord geskrywe word, en die Afrikaners wat Engels voordra, sal weer die



neiging hê om 'n stemhebbende finale ploffer stemloos uit te spreek.

b in *bal*, kom voor gevolg deur vokaal of deur *l* of *r*. Tussen vokale en waar dit nie beklem word nie, het dit 'n neiging om *w* (*wal*), 'n lip-tand-wrywingsklank te word: vgl. *dubbeld* of *duwweld*, *tabberd* of *tawwerd*, *troewel* of *troebel*, *tabak* of *twak*. Albei uitsprake kan gerus as standaard geld.

p in *pal*. Kom met vokaal of gevolg deur *r* of *l* voor, of na *s* en ook in verbinding *spr*. Voorbeelde: *praat*, *plaat*, *speel*, *spring*. In woorde soos *probeer*, *presies*, *present* waar die *pr* nie die klem dra nie, hoor 'n mens ook die omstelling van klanke; dus *pərbeer*, *pərsies*, *pərsent*; uitsprake wat miskien later heeltemal burgerreg

sal verkry. Beoordelaars moet veral let op die uitspraak van die *pr*; *pl*-verbinding, dat dit nie soos die Engelse *pr*, *pl*-verbinding klink nie, want dààr is beide *r* en *l* vir die grootste gedeelte stemloos.

d in *dol*. Kom in verbinding met vokale of gevolg deur *r* en *w* (waar) voor, of kan deur *l*, *n*, *r*, *m*, *s* e.d.m. voorafgegaan word. Deurdat die *d*-teken finaal in 'n woord altyd soos die *t* in *tol* stemloos uitgespreek word, het wisselvorms gaan ontstaan, soos *boude* en *boute*, *miede* en *miete*, *sade* en *sate*, *geluide* en *geluite*, *soldate* en *soldade*, *rande* en *rante*, *rade* en *rate*, waarvan party al burgerreg verkry het, ander nie. Eienaardig dat die *t*- en die *d*-uitspraak nou vir betekenis-differensiërende doeleindes gebruik word: vgl. *rade-rate*, *rande-rante*, *sade-sate*, e.d.m.

Wanneer *d* tussen vokale voorkom en onbeklemd is, word dit so kort uitgespreek dat dit 'n enkel slag van die tong, 'n soort *r* word. Ons het hier nie met 'n gewone tipe *r* te doen nie, hoewel dit tot laasgenoemde klank kan oorgaan. Hierdie een-slag-*r*-uitspraak word nie gehoor as 'n *r* of 'n *l* die oorspronklike *d*-klank volg nie, soos in *middel*, *bidder* ens. Beoordelaars moet dus nie kwaai te velde trek teen die een-slag-*r*-uitspraak van *middag*, *stadig*, *padda* e.d.m. nie, aangesien dit 'n klankverskuiwing is ten gevolge van assimilasië.

Algehele assimilering van die *d*-klank geskied ook in verbinding *ld*, *nd* en *rd*, veral wanneer voorafgegaan deur 'n kort vokaal en met die *d* onbeklemd. Uitsprake soos *soller* vir *solder*, *hoener* vir *hoender*, *anner* vir *ander* is algemeen. Selfs in geflekterde vorms hoor ons hierdie geassimileerde uitspraak: *kinners* vir *kinders*, *willebees* vir *wildebees*, *pêre* vir *perde*; ook *darie* vir *daardie*, *vannie* vir *van die*, *allie* vir *al die*, alhoewel die lang vokale in woorde soos *maande*, *beelde*, *baarde*, e.d.m. hierdie neiging weerstaan. Ons hoor nog miskien *kinders* en *wildebees* en *hierdie*, maar die ander uitspraak is net so algemeen en die gebruikers daarvan behoort nie gepenaliseer te word nie. Onthou, ons het eers gepraat en toe geskrywe.

t in *tol*. Kom in verbinding met vokale en ook in die verbinding *tr*. *tw*, *st*, *str*, *lt*, *nt*, *rt*, *ts* voor. Teen die

uitspraak van *tr* moet gewaak word dat dit *r* volledig-stemhebbend en met klappies uitgevoer word. Verder lewer hierdie klank g'n moeilikheid op nie, as die aspirasie agterweë gelaat word.

t in *tjap*. Die *tj* is eintlik 'n verbindingsklank wat uit 'n prepalatale ploffer + 'n prepalatale wrywingsklank bestaan. Hierdie prepalatale ploffer kom andersins in Afrikaans nie voor nie; net in die verbinding word dit aangetref. Die lippe is in Afrikaans nie gerond by die uitspraak van hierdie verbinding nie en die wrywings-geruis is minder skerp as in Engels.

Die uitspraak van *tjalie*, *tjap*, *tjoekie* met die konsonant *tj* van *bietjie*, is nie algemeen nie en kan ons nie as standaard laat geld nie.

tj in *bietjie*. Orals waar *tj* of *dj* voor *ie* geskrywe staan, het ons met 'n palatale stemlose ploffer te doen. Hierdie konsonant vertoon die volgende gewestelike afwykings:

(a) in die Noorde veral word dit soos 'n taamlike voor *k* uitgespreek: dus *biekie* en *maaingkie*.

(b) In die Suide veral word die uitspraak met die verbindingsklank *tj*, soos in *tjap*, gehoor. Albei afwykings kan nie as standaard geld nie.

Ons het reeds melding gemaak van die invloed wat hierdie konsonant op die voorafgaande vokaal het wat die hoofklem dra: die vokaal word 'n tweeklank of diftong wat na *ie* mik. Ook die aangrensende voorafgaande nasaal word palataal voor die *tj* uitgespreek.

gh in *ghoen*. Kom in 'n paar geleende woorde aan die woordbegin voor en dan na 'n paar vokale gevolg deur *r* of *l* + *g* + *ə*, soos in *sorge*, *gevolge*, *berge*. Soos kan gesien word, is hierdie woorde geflekteerde vorms en het die *gh*-klank weggeval binne die onflekteerde vorm: vgl. *êrens*, *môre*, *orrel*, met die Nederlandse *ergens*, *morgen* en *orgel*. In die Noorde word die *gh*-uitspraak ook tussen twee vokale soms gehoor waar dit andersins verdwyn het: vgl. *hoghe* i.p.v. *hoë*; *neghe* i.p.v. *neë*; *oghe* i.p.v. *oë*. Hierdie uitspraak word nie as plat aangevoel nie.


k in *kan*. Kom ongeaspireerd in verbinding met vokale en in die verbindings *kn*, *kr*, *kw*, *lk*, *ngk*, *rk*, *kl*, *skr* voor.

Gewestelik word *kl* deur assimilasië *tl*, eintlik 'n alweolêre sy-mond ploffer +*l*: dus *tlaar* vir *klaar*, *tlomp* vir *klomp*; nie algemeen verbreid nie. Ook word gewestelik *kn* as *tn* uitgespreek, eintlik 'n alweolêre neus-ploffer + *n*: dus *tnoop* vir *knoop*, *tnyp* vir *knyp*; nie algemeen verbreid nie. Gewestelik word *k* voor voorvokale (soos *ee* en *ə* in *wit*) of *tj* van *bietjie*, of *tj* van *tjap*. Dus *tjeent* of *tjint* vir *kind*, *tjees* of *tjis* vir *kis*. Hierdie uitsprake word as plat aangevoel. Engelse sprekers moet veral let op die uitspraak van *kl*, *kr* en *kn*, want in Engels is *l*, *r*, *n* vir 'n groot gedeelte stemloos.

tl en *dl* soos in *eintlik* en *duidelik*, is sy-verbrekings-ploffers wat op dieselfde plek as *d* en *t* gevorm word, en uit assimilasië van *d* en *t* aan *l* ontstaan het.

VERNOUINGSKLANKE.

37. (a) Trillers of Vibrante.



Sprekers met 'n Engelse uitspraak gebruik vir die Afrikaanse tongpunt-teen-tandeboog-triller *r* 'n wrywingsklank met die tongpunt nog verder na agter gebuie, net waar die tandkas na die verhemelte oorgaan (of 'n wrywinglose kontinuant met addisionede liprondding). Hierdie uitspraak word veral aan 'n woordbegin of na 'n konsonant gehoor, selfs by Afrikaanse sprekers (veral vroulike) wat onder Engelse invloed staan, by die uitspraak *tr*, *pr*, *kr*, *dr*, *br*, e.d.m. Aan die slot van 'n woord waar die Afrikaanse klank sy volle trillingswaarde moet kry, gebeur dit dat (onder Engelse invloed of assimilasië-werking) die slot *r*-klank wegval en hoor jy *daa-oor*, *waa-langs*, *hie-natoe* en selfs *dôp* vir *daaroor*, *waarlangs*, *hiernatoe* en *dorp*.

Aan die anderkant is reeds melding gemaak van die oordrewe neiging om in pleks van 'n paar tikkies van die tong 'n hele sarsie van hulle te los. Dis weer nie algemeen-Afrikaanse uitspraak nie en is al hierdie bogemelde uitsprake van *r* af te keur.

Gewestelik, veral in die kusdistrikte vanaf Clanwilliam en Van Rhynsdorp tot by Caledon en Heidelberg (met uitsondering van die verkeer-sentra soos Kaapstad, Stellenbos e.d.m.), word die brei-*R* gehoor, wat gevorm word deur die beweeglik kleintongetjie teen die agter van die tong te laat tik, of deur die lug te laat skuur tussen die tong-verhemelte boë en die agter van die tong. Waar dit in die binnelande voorkom van nie-afstammelingen van die kusdistrikte is dit as 'n spraakfout te beskou. Waarom dit juis in die kusstreek so algemeen voorkom, is moeilik te verklaar — miskien net 'n mode-gril en hoogsonwaarskynlik aan klimaatsomstandighede toe te skrywe.

Waar *rm* in Afrikaans geskrywe staan, word dit *rəm* uitspreek: dus *arrəm*, *storrəm*. By ander verbindings, soos *rg*, *rk*, *rp*, *rf*, waar *r* nie voor 'n homorgane konsonant soos *t* en *s* staan nie ontwikkel g'n tussen-ə-vokaal in Afrikaans, soos in Nederlands: dus *verrəg*, *werrək*, *volləg* vir *verg*, *werk*, *volg* nie.

38. (b) Wrywingsklanke of Frikatiewe.



Ons het reeds daarop gewys dat in Afrikaans daar nooit 'n stemhebbende frikatiefklank aan die slot van 'n woord voorkom nie en toneel-affektasies soos *liew-de* i.p.v. *liefde* 'n verspottigheid is. Ook aan die woordbegin is die stemhebbende klanke maar skaars, net *w* (*wat*), *j* (*jou*)

en *h* (*hand*) kom algemeen voor.

w in *wal*. Hierdie botande-onderlip stemhebbende wrywingsklank lewer g'n moeilikheid op wanneer dit aan die begin of tussen klinkers te staan kom nie. Die afwisseling met *b* (tabberd-tawwerd) is reeds by *b* behandel.

Dis egter in die verbinding met *s*, *d*, *t*, *k* (*swaar*, *dwaal*, *twee*, *kwaad*), dat ons wisselende uitsprake kry:

(a) Die vorm *w* soos in *wal*, wat veral in die Suide baie algemeen is.

(b) Die uitspraak met die twee lippe teen mekaar (òf met effense ronding veral voor liprondings-vokale, òf daarsonder): die wrywing geskied tussen die twee lippe.

Na stemlose konsonante *s*, *t*, *k*, is die klank gedeeltelik stemloos. Hierdie uitspraak word oor 'n baie groot gebied in die binneland gehoor en moet erkenning by die voor-dragbeoordeling erlang, maar moet nie verwar word met

(c) die Engelse *w*-uitspraak in *dwel*, *twelve*, *sweet*, *queen*, nie, wat veral aan die Rand aangetref word, en wat met meer lipstulping, glad g'n wrywing en 'n ophig van die agter van die tong na die sagte verhemelte toe gevorm word. Laasgenoemde uitspraak, alhoewel dit dikwels by Afrikaners van oorweënd Engelse sentra aangetref word, is nie toelaatbaar nie.

f soos in *fraai* of *v* soos in *val*. Hierdie eerste klanke van die twee woorde word in Afrikaans presies eners uitgespreek, hoewel in Nederlands 'n duidelike verskil tussen die twee woorde ten opsigte van die eerste spraak-klanke gemaak word. Dis jammer dat ons derhalwe nie die Patriotters in verband met die spelling van die *f*-klank gevolg het nie. Waar die Afrikaanse klank heeltemal stemloos is, het die Nederlandse klank wat met *v* geskrywe word gedeeltelik stem. Die Nederlandse intervokaliëse *f*, buite die fleksie-uitgange, het in Afrikaans *f* gebly, maar Nederlands *v* het in Afrikaans *w* geword, met 'n paar uitsonderings.

Vreemde woorde soos *provinsie*, *universiteit*, *joviaal* laat nog die wisseling tussen die stemlose en die stemhebbende uitsprake hoor, hoewel die invloed van die Engelse uitspraak die intervokaliëse *w*-uitspraak sal help bestendig. Albei is dus toelaatbaar.

Interessant is die wisselvorme *skryf-skrywe*, *dolf-dolwe*, *leef-lewe*, waarvan die tweede van elke paar 'n baie ou en algemene gebruik moet wees en die eerste veral in kragtiger gemoedsuitdrukking en nuwer of minder bekende samestellings gevind word. Dit hang saam met die hele gebruik van die ə-uitgang by werkwoorde in Afrikaans. Geen van die verbindings *lf*, *rf*, *fr*, *fl*, *fn* behoort enige moeilikheid op te lewer vir nie-Afrikaanssprekendes nie, hoewel Nederlands die neiging het om 'n vokaal ə tussen die verbindingsklanke van beide *lf* en *rf* te laat ontwikkel.

s in *sal*. Hierdie wrywingsklank met sy sis-geluid wat deur 'n lug-dwarreling aan die voorkant van die ver-nouing by tongblad teen tandkas ontstaan, is 'n baie algemene spraakklank in die meeste tale. Ons vind dan ook verbindings soos *sl*, *st*, *sp*, *sn*, *sm*, *sk*, *sw*, *rs*, *ls*, *ts*, *ks*, *ps*, *spr*, *str*, *skr*, *ns*, *ms*, *ngs*, e.d.m., wat die veelvuldige gebruik van hierdie klank in Afrikaans bewys. Die feit dat ons vandag praat van *serp* vir *sjerp*, *Sarel* vir *Charl*, *sarsie* vir *charge* (Frans), of selfs by die oueres hoor *sieling* vir *sjieling*, *masien* vir *masjien*, *Snees* vir *Sjinees*, asook *loeseer* vir *logeren* (vgl. Franse uitspraak), *oorlosie* vir *horloge* (vgl. Frans), is 'n bewys dat selfs die voorpalatale stemhebbende of stemlose wrywingsklanke, in Afrikaans die stemlose alweolêre wrywingsklank (sibilant) geword het. Dis bekend dat die Nederlandse stemhebbende of stemryk wrywingsklank, soos in *zal*, *zuiden*, *verzenden*, ook in Afrikaans stemloos is: vgl. *sal*, *suid*, *versend*. In woorde waar ons wel die stemhebbende klank hoor, soos in *zits*, *zir*, *Zoeloe*, *zenith* e.d.m. het ons òf met klanknabootsende vorms òf met ontlenings uit ander tale te doen.

sj soos in *sjieling* is 'n voorpalatale stemlose wrywingsklank en kom in standaard-Afrikaans net in ontlenings van jonger datum voor. Reeds het ons by die *s* van die ouer uitspraak gewaag. Die aantal woorde met hierdie klank is baie beperk: vgl. *gharaasj*, *Sjena*, *sjokolade*, *sjef*, *sjieling*, *arsjitek* (of *argitek*) e.d.m. In 'n gewestelike en as „plat”-aangevoelde uitspraak hoor ons *sjee*, *sjelt*, *sjeef*, *sjeester* vir die uitspraak met die palatale wrywingsklank

wat net voor voorvokale gehoor word (*gee, geld, gieter*). Die stemhebbende voorpalatale wrywingsklank word net in 'n paar leenwoorde aangetref wat nog hulle vreemde uitspraak behou, soos *genre* en *genie*.

j in *gy*, stel 'n stemhebbende palatale wrywingsklank in Afrikaans voor. Afrikaans verskil hier van Engels, alwaar by die uitspraak van *year, yes, yacht*, die eerste klank palataal, maar gladnie 'n wrywingsklank is nie, dog 'n half-vokaal, 'n bewegingsklank sonder wrywing. Met hierdie Engelse spraakklank i.p.v. die Afrikaanse *j*, klink woorde soos *jaar, baljaar, jou* vir die Afrikaner, asof die spreker iets baie warm op sy tong het waarmee hy bang is om sy verhemelte te brand.

Gewestelik (kleurling-Afrikaans, asook gehoor in Natal by Afrikaners), word in die plek van die palatale wrywingsklank, 'n voorpalatale verbinding van ploffer + wrywingsklank, soos by die eerste twee klanke van Engels *John* gehoor word, aangetref.

Waar binne die stam-vorm van die woord twee vokale langs mekaar te staan kom en die eerste is 'n onbeklemde *ie*, gebeur dit in die ouer, algemene woorde, dat *ie* verander na *ə* (wit) en 'n *j* (*gy*) tussen die twee vokale ontwikkel: *præjeel, vøjool, spøjoen, skerpøjoen*, e.d.m. Dit kan gebeur dat hierdie oorgangs-*j* minder wrywing het as die gewone *j*-klank, en dus ooreenkom met die eerste klank in Engels *year*. Vergelyk met nuwere en minder algemene woorde soos *konfidensieel, kjaat* e.d.m.

g in *gee*, stel 'n ander klank voor as die *g* in *gaan*. Voor die voorvokale soos *ie, ee* en selfs *e* (geld) word die *g* palataal met die stemlose vorm van *j* (*gy*) uitgespreek. Dis 'n natuurlike en baie algemeen gebruikte uitspraak en dis m.i. verkeerd om die kinders te dwing om woorde soos *geel, gieter, gee*, e.d.m. met die *g* van *gaan* uit te spreek wat meer na agter gevorm word.

Oor die gewestelike plat uitspraak van *sje, sjelt* e.d.m. vir *gee, geld*, is reeds gepraat. Gewestelik kan die palatale klank ook voor middel- of agterklinkers voorkom in woorde soos *gif* en *gunter*, maar dan is die vorming nie homorganies nie en vind gewoonlik vokaalverskuiwing ook plaas.

Kultuurwoorde soos *vergeestelik*, *ongeldig* kan met die meer na agter gevormde wrywingsklank gehoor word.

g in *gaan*, *goed* stel die velêre stemlose wrywingsklank voor wat met die agter van die tong teenoor die middel van die sagte verhemelte gevorm word.

Ons was in die verlede baie versigtig om nie te veel oor die estetiese waarde van die klank-geluid te praat nie. In die geval van *g*, egter sal u met ons saamstem waar ons sê dat *g* met 'n sterk skraapgeluid, asof jy keelskoonmaak, minder verfynd klink as een met 'n sagte wrywingsgeluid. Skraapklanke bestaan dan ook nie in Afrikaans nie en afrigters en voordraers dien hierop te let.

Die Nederlandse stemhebbende wrywingsklanke wat op dieselfde plek as die Afrikaanse spraakklank gevorm word, het in Afr. òf weggeval òf oorgegaan na die Afrikaanse *g* (*gaan*).

Waar ons in Afrikaans die vorms *ploeg* en *ploeë* (*ploe*), *klaag* en *klae* (*kla*) naasmekaar kry, is laasgenoemde seker 'n ouer vorm, maar word eersgenoemdes in bepaalde gevoelsomstandighede gebesig.

Verbindings soos *gr*, *gl*, *lg*, *rg* kom voor, en Nederlanders spreek die laaste twee verbindings met 'n ə-tussen-vokaal uit. Vir die Engelssprekende is *g* (*gaan*) 'n moeilike spraakklank, wat hy deur òf *h* (*hand*) òf *k* (*kan*) vervang. Korreksie geskied deur tong in die vokaalstand van Eng. *food* te plaas en dan te vernou totdat wrywing gehoor word. Eers daarna moet die moeiliker verbindings aangedurf word.

h in *hand* stel volgens eksperimentele ondersoek 'n stemhebbende stemspleet-wrywingsklank daar. Daar is 'n kragtiger asemstoot as vir die volgende vokaal nodig is, die amplitude van die trillings van die stemlippe is groter as vir die gewone vokaal en bepaald meer lug word verbruik. Die stemlippe tril, maar die lug word deur die snelveranderende stem-spleet forseer. Die stand van die organe bokant die stemlippe sal natuurlik dié van die volgende vokaal wees.

Beide Engels- en Nederlands-sprekende persone en voordraers vind baie moeilikheid met hierdie spraakklank en is geneig om in die plek daarvan hulle eie *stemlose*

stemspleetwrywingsklank te stel wat vreemd aan Afrikaans is. 'n Mens hoor by Engelssprekendes wat moeilikheid het om dié spraakklank uit te spreek, die gebruik van die eerste klank in *gaan*, omrede hulle tóg die verskil tussen hulle eie stemlose klank en die stemhebbende klank van Afrikaans hoor.

Nie orals waar die *h* geskrywe word, word dit in die spreektaal gehoor nie. Waar *h* deur 'n konsonant voorafgegaan word in die agtervoegsel *-heid*, word die *h* aan die voorafgaande konsonant geassimileer, veral omrede dit dan ook nie die klem dra nie, en verdwyn heeltemal: *skaameit* uit *skaamheid*, *waareit* uit *waarheid*, *sterkeit* uit *sterkheid*, *vaaleit* uit *vaalheid*, en ook *moegheit* uit *moegheid*, *droogheit* uit *droogheid*, *slegtigheit* uit *slegtigheid*.

Miskien na analogie van die groot aantal *geit*-vorms, miskien om differensiërende redes het 'n agtervoegsel *-geit* i.p.v. *heid* ontstaan wat in die spreektaal selfs meer algemeen verbreid is as die *-heid*-gebruik. Ons hoor dus *mooigheit*, *blougeit*, *lelikgeit*, *dikgeit*, *skaamgeit*, ens., dus deur die bank *-geit* i.p.v. *-heid*. Die wisselvorms met die uitgestote *h* na konsonante, soos in die vorige paragraaf beskrywe is, bestaan natuurlik.

Ook algemeen in die spreektaal is die uitstoting van *h* in onbeklemde swak vorms van *het*, *hy*, *hom*, *haar*: *is-y hier?* *ek-ət aan-om gesê*, e.d.m.

In nuwer vorms soos *finansieel* en *provinsiaal* doen *h* diens as oorgangsklank tussen die twee aanmeekaargrensende vokale i.p.v. *j* soos ons in *prəjeel* en *vəjool* vind, alhoewel die uitspraak met *h* ook in laasgenoemde woorde nie onbekend is nie en die uitspraak met *j* in die eerste woordpaar ook aangetref word. Waar ə die laaste van twee aangrensende vokale of vokaalverbindings is, soos in *hoë*, *lae*, *mooie* e.d.m., is die *h*-oorgangsklank nie so duidelik te hore nie behalwe as daar met baie nadruk gepraat word. In hierdie verband kan ons miskien van 'n bewegings- of oorgangsklank tussen twee vokale praat.

Die uitspraak van *hele*, *heeltemal*, e.d.m., as *jele* en *jeeltemal* is gladnie algemeen nie en is af te keur.

Wrywingsklanke met sy-mond- of neus-gerigte asemstroom bestaan nie in Afrikaans in die normale spraak nie.

39. (c) Wrywinglose Kontinuante.

In Afrikaans het ons by hierdie konsonantklas net spraakklanke met sy-mond en neus-gerigte asemstroom. Ons het reeds gesê dat dié spraakklanke stemhebbend moet wees om gehoor te kan word, aangesien daar g'n hoorbare wrywingsgeluid van die asemstroom is nie.

(i) Sy-mondgerigte asemstroom


l, soos in *lam*, word met die tongblad teen die tandkas gevorm, met die res van die tong-oppervlakte skuins-


aflopend na agter. Dit is deurgaans die Afrikaanse uitspraak. In Engels, egter, is dit alleen die uitspraak aan die woordbegin en na 'n konsonant. Aan die slot van die woord en voor 'n konsonant is die agter van die tong ook gelig na die sagte verhemelte toe, gelyktydig met die sluiting van die blad teen die tandkas. Dit gee aan die klank 'n hol-dowwe kleur wat vreemd is aan die Afrikaanse uitspraak.

l kom in 'n groot aantal konsonant-verbindings voor, soos *pl*, *bl*, *kl*, *fl*, *sl*, *gl*, *lp*, *lk*, *lt*, *lf*, *ls*, *lg*. Vir die Nederlander lewer die *l* alleen moeilikheid op waar dit voor 'n nie-alweolêre konsonant staan, want dan ontwikkel 'n tussen-vokaal ə tussen die twee konsonante. In Afrikaans waar *lm* geskrywe staan word dit *ləm* uitgespreek: vgl. *pəsaləm*, *kaləm* e.d.m

(ii) Neusgerigte asemstroom:

Die drie nasaal-gerigte-asemstroom-spraakklanke *m* (*ma*), *n* (*nou*) en *ŋ* (*ring*) het, wat hulle vorming betref, g'n verduideliking nodig nie, aangesien die stande van die mondorgane respektiewelik dieselfde is as vir *b*, *d*, *k*. Verbindings met ander konsonante vind ons in *sm*, *ms*, *mf* (hier is die *m* meestal 'n lip-tand-klank soos *f*; vgl. *nimf*, *triomf*: in woorde soos *lamfer*, ens., kan die *m* ook wegval met nasalisering van die voorafgaande vokaal), *mp*, *mb*; *kn*, *nt*, *nd*, *fn*, *sn*, *ns*; *ngs*, *ngk*, *nggh*, *ngg*, e.d.m.





Waar *n* voor *dj* of *tj*, die palatale ploffer, geskrywe word, word dit ook palataal uitgespreek en nie alveolêr of velêr nie. Waar *n* voor *j* geskrywe staan, word dit òf palataal uitgespreek òf die *n* verdwyn met nasalisering van die voorafgaande vokaal: vgl. die uitspraak van woorde soos *konjak*, *Spanje*, *kompanjie*.

SAMESTELLING.

40. Fisiologiese en Psigiese Beïnvloeding

In 'n vorige gedeelte het ons daarvan melding gemaak dat die spraakklank g'n afsonderlike bestaansreg het nie, maar dat dit die boustof is, waaruit die kleinste betekenisdraende eenhede, die woorde, of die betekenisgroepe of sinsgroepe saamgestel is. Nou gebeur dit dat so'n betekenisgroep deur die verstand as 'n geheel gerealiseer word, alvorens die groep uitgespreek word. Die gevolg is dan dat die afsonderlike spraakklanke ondergeskik is aan die groep as geheel en dit maklik gebeur dat psigologies, deurdat twee spraakklanke bymekaar in die bewussyn voorkom, òf die een klank, na dit uitgespreek is, nog as 'n bewussyns-eggo nalewe om dan die volgende spraakklank te beïnvloed, òf die volgende spraakklank, omrede die holistiese opvatting van die betekenisgroep, hom voor sy tyd, artikulatories veral, in die vormingsproses van die vorige klank deur antisipasie indring. Moderne röntgenstraal-klankfilms het bewys dat by die spraak 'n perfekgevormde klank as sulke nie bestaan nie, maar dat daar 'n gedurige ko-artikulasie is, bewegings van die een klank wat plaasvind voordat die voorafgaande klaar gevorm is. Dit spreek vanself dat deur gedurige gebruik die

een spraakklank die ander, wat sy vormingsverskille betref, sal beïnvloed, sodat 'n gedeeltelike of algehele uitwissing van die verskille plaasvind. Nog 'n rede vir die klank-beïnvloeding wat aangegee word, is die feit dat daar 'n gedurige kompensasië-beginsel aan die werk is. As die een spraakklank verdwyn, word sy eienskappe òf op die vorige of volgende oorgeplaas, òf daar vind 'n kompen-serende verandering van die oorblywende klank plaas. Eindelik gebeur dit dat die senuwee-impulse van hulle einddoel kan verander, sodat ons wel bewegings van die spiere vind, maar op 'n ander plek as waar dit voorheen bestaan het.

As ons in aanmerking neem dat ons ongeveer 140 woorde per minuut in ons spraak gebruik, dat ons Afrikaanse artikulasie-basis om sy slaphed gekenmerk word, dat psigobiologiese ondersoek bewys het dat hoe groter die gebruiksfrekwens, hoe meer afslyting daar by 'n spraak-klank is, en dat hoe hoër die kulturele ontwikkeling by 'n volk hoe hoër die gebruiksfrekwens, dan sal geredelik verstaan word dat spraakklanke met hulle fyn-bestuurde en ingewikkelde bewegings mekaar in die spreektaal kan beïnvloed.

Hierdie opheffing van verskille tussen spraakklanke, vir sover dit nie die verstaanbaarheid van die eindresultaat beïnvloed nie, moet nie as taal-agteruitgang beskou word nie, maar wel as groei, ontwikkeling.

Ons weet ook dat die skryftaal gladnie tred hou met die spreektaal nie en derhalwe moet ons ons nie gaan verlaat op die skryftaal, as ons die klankwaardes van die spreektaal wil toets nie.

41. Assimilasiewerking.

Assimilasiewerking kan en betrekking hê op die funksie van die stemlippe en op die funksie van die artikulasie-organe en op die spierspanning. Natuurlik is daar meer neiging tot opheffing of vermindering van verskille tussen naburige spraakklanke, waar hulle nie die klem dra nie. Ook is dit nie noodwendig dat assimilasië juis binne 'n woord moet plaasvind nie, want dit kan net so goed gebeur waar twee klanke mekaar tref aan die eind van een woord en die begin van 'n ander, bv. *he-jy die man gesien; æk gā sonner hom*.

Assimilasiewerking is 'n produk van die woord se geskiedenis en derhalwe waar ons sekere spelvorms aan u toon, is dit om te bewys hoe die woorde wat nou anders uitgespreek word, eers moes geklink het. Sulke algemene-gangbare assimilasies vind ons in *dooie* < Ned. *dode*, *stowwe* (vgl. enkv. *stof*); *heller*, *soller*, *hoener*, *anner* vir *helder*, *solder*, *hoender*, *ander*. By laasgenoemde voorbeelde het die skrif nie aangepas by die algemene uitspraak nie. Waar ons geflekteerde vorms kry, sal die grondvorm miskien behoudend inwerk, maar nie noodwendig nie: dus hoor ons *kinners* net soveel of meer as *kinders*, *pêre* as *perde*, *willebees* miskien meer as *wildebees*; *deurie* naas *deurdie*, *darie* naas *daardie* (albei die laaste vorms word hoofsaaklik in beklemde stand gebruik); *al-ie* vir *al die*, *van-ie* vir *van die*, *wil-ie* vir *wil die* of *wil nie* e.d.m.

'n Paar algemene assimilasie-werkings word hier weergegee:

(a) Wanneer in Afrikaans 'n nasale kontinuant voor 'n ploffer te staan kom, word die nasaal homorgaan wat artikulasie betref, aan die ploffer: vgl. *implant*, *dongker*, *kleintjie* (palatale nasaal), *vandag*. Dit kan egter ook gebeur dat die ploffer heeltemal aan die nasaal geassimileer word, vgl. *Novemmer*, *sonner*.

(b) Waar 'n homorgane stemlose ploffer voor 'n ander stemhebbende ploffer te staan kom, is die invloed van die tweede volkome assimilerend, vgl. *kabblok*, *widdoring*, e.d.m. Waar die eerste ploffer nie homorgaan is nie, verkry dit 'n hoë mate van stemhebbendheid, maar word nie heeltemal stemhebbend soos in Nederlands die geval is nie.

(c) Waar konsonante 'n stemhebbende en 'n stemlose vorm het, daar sal die stemlose vorm altyd aan die slot van 'n woord staan en die stemhebbende vorm veral tussen vokale in die woord self: vgl. *rip-ribbes*; *leef-lewe*; *bit-bidder*; *hant-hande*. Ook *berg-berghe*, *oog-oghe* (Transvaals) sal ons hier moet reken.

Die assimilasie vind nie tussen afsonderlike woorde plaas nie: (dus 'n *rip* en 'n *bout*, *sy hant is seer*, e.d.m.) en ook nie 'y verkleinwoorde nie: *nefie*, *badjie* (dj = stemlose palatale ploffer); *ogie*.

(d) Waar die stemhebbende ploffers *b* en *d* tussen vokale in onbeklemde posisie voorkom, is die neiging om in die geval van *b* die ploffer 'n lip-tand-wrywingsklank te laat word, (vgl. duwweld, konstawel, ens.), en, in die geval van *d*, om dit òf 'n een-tik-vibrant te laat word (vgl. stadig, middag), òf dit het van Nederlands na Afrikaans verdwyn in vorms soos *dood-dooie*, *gebod-gebooie*, e.d.m.

(e) Dit skyn asof die stemhebbende vernouingsklank binne die grondwoord baie onvas tussen twee vokale is en moes gewees het by die totstandkoming van Afrikaans: *swawel* > *swael*, *hagel* > *hael*, e.d.m.

(f) Oor nasalisering as assimilasië-werking het ons reeds by die behandeling van dié verskynsel uitgewei.

(g) Vokaal + *l* of *n* of *r* of *s* + die homorgane *d* + vokaal laat die *d* gewoonlik verdwyn: wille < wilde; père < perde; tanne < tande; nes-ie < nes die, e.d.m.

(h) Hoë voorvokale het 'n sterk palataliseringsinvloed in Afrikaans: vgl. *gee*, Nortjé, selfs vorms soos *n(j)ee* vir *nee*, en *jele* vir *hele* is daaraan toe te skrywe.

42. Sterk en Swak Vorms.

Onder die hoof, „samestelling” val ook die verskynsel van die verswakking van woord-klankbeelde in onbeklemde gebruik binne die betekenisgroep. Ons het vroeër melding gemaak van woorde soos *rosijne*, *stoffasie*, *krokodil*, e.d.m., waar die vokale wat nie die klem dra nie verswak na die neutrale ə-klank toe. Natuurlik sal net die sterk vorms in die skrif erkenning erlang, derhalwe spel ons nog *wanneer*, *hoeveel*, *ook*, *naderhand*, terwyl ons in die onbeklemde vorm uitspreek *wanner*, *hoefel*, *ok*, *naant*. In die skrif word erken vorms soos *klonkie*, *nes*, *soos*, *daar's*, *sommer* uit die oorspronklike *kleinjonkie*, *net soos*, *so as*, *daar is*, *so maar*.

As verswakte vorms kry ons *y* vir *hy*, *mæt* of *moet* vir *met*, *mar* of *mər* vir *maar*, *ət* of *'t* vir *het*, *s* vir *is*. *səl* vir *sal*, *ie* vir *die*, e.d.m.

Hierdie swak vorms behoort net soveel aan die spreektaal as die sterkes. By die voordrag moet ons daarmee rekening hou. Baie hang natuurlik af van die stuk wat voorgedra word. 'n Stukkie spreektaal sal natuurlik

ander eise stel as 'n stukkie natuurbeskrywing of 'n Bybelse psalm. Die gebruik, egter, om elke letter soos hy staan te artikuleer, is ten sterkste af te keur.

